# VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| Ma | 23/02 | **Lizette Nell** Wyk 2 |
| Di | 24/02 | **Joey Potgieter**.Wyk 7 |

**Bede met meelewing Psalm 128: 4.**

# VAN ONS SUSTERS

## Sustersbyeenkoms – DV 28 Februarie 2026

'n Gesellige aërobiese oggend uit die 80's, trek jou snaaksste oefenklere aan en bring hope energie! Ons gaan hoofsaaklik ons lagspiere oefen. Spreker en oefen-instrukteur is ***Wilmarié du Plessis***. Die oggend word gereël deur die susters van *Wyke 9, 10, 11 en 12*. Pryse gaan gegee word vir **Tema Koningin** (die suster wat die meeste soos die 80's aërobiese dames lyk), **Neon Treffer** (die suster wat die meeste uitstaan met neon kleure), **Snaakse Hasie** (die suster wat die beste gees het) en **Goue Oue** (die suster wat die meeste aktief is deur die oggend). Heerlike hoenderslaai is op die spyskaart vir die oggend. Geen kostes nie. Ons sien uit om daarna saam te kuier. 'n Lys is in die kerksaal opgesit, bespreek alreeds vandag jou plek, voordat jy vergeet.





**Datum:** 28 Februarie 2026
**Tyd:** 10:00
**Plek:** Kerksaal
**Tema:** *Sterk in Liggaam, Standvastig in Gees*
**Drag:** 80 Aërobiese oefening, sweetbandjies, beenwarmers en neon oefenklere *(indien jy iets anders aan wil trek is jy nog steeds welkom, trek net gemaklike klere aan)*.

RSVP voor 25 Februarie by Wymie du Plessis of Marli Nortje

Onthou 4 Maart is dit weer RIBBURGERS



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 42, nr 7 Sondag 22 Februarie 2026
***Redakteur:* Rudy van der Spoel 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 — **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** — **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** — **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurt by eredienste, kategese en Huis Eikelaan:**
**Ouderlinge:** Wyk 11 **Nico Spaumer**. Wyk 12 **Loffie Eloff**
**Diaken:** Wyk11 **Gert Kruger** en Wyk 12 **Pieter Bouwsema**
**Teebeurt: Wyke 4 & 5: Wyksusters is: Frieda v d Walt en Ineke Bakker**

**EREDIENSTE** Albei dienste word gelei deur ouderling Rynhardt Landman

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***
**Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND** Ds. Jannes neem hierdie naweek sy kwartaallikse af naweek. As gesin gaan hulle hierdie naweek een van Hanró en Suhanli se neefs se belydenisaflegging in Elandskraal bywoon. Ons is dankbaar dat ouderling Rynhardt Landman in beide eredienste vandag sal voorgaan. Ons bid hom die Here se seën toe vandag en ook op sy studies!

**Voorafsang: Psalm 147: 1, 3, 7. Woordbediening:** 1 Petrus 1
**Sing: Lofpsalm:** Psalm 47: 1, 2; Skrifberyming 12-3: 1, 2; Psalm 119: 38, 39, 40; Psalm 89: 6; Psalm 126: 2, 3
**Sing met meelewing: Psalm 128: 4**

**AAND Voorafsang:** Psalm 47: 3, 4. **Woordbediening:** Ester 6
**Sing:** Psalm 149: 1, 2; Psalm 91: 1, 6, 8; Psalm 118: 7, 8; Skrifberyming 11-2: 1, 2, 4

**EREDIENS: HUIS EIKELAAN**
**Ds. Fanie Coetzee** (emerituspredikant van Potchefstroom-Die Bult sal DV vanmiddag met die erediens om 15:30 in die Kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Baie dankie aan ouderlinge Nico Spaumer en Loffie Eloff wat die toesigbeurte sal waarneem.

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir die **SDDS Deputate Noodfonds.** Volgende week: **Dep Jeugsorg**
**VANAAND: Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en Kerkkas (Rooi)

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

**MEEGEVOEL**
Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Ons betuig opnuut ons innige meegevoel met die dierbares van **Lina Minnaar** wat Dinsdagoggend ontslaap het. Haar kinders, **Elsa en Kobus Mentz** is steeds lidmate van ons gemeente. Mag hulle en haar ander dierbares die ryke vertroosting van ons hemelse Vader ervaar. Die troosdiens vind Woensdag om 10:00 in die Kapel van Huis Eikelaan plaas en die teraardebestelling daarna in die Potchefstroom begraafplaas.

**VOORBIDDING**
Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Gert van Blerk** het Dinsdag 'n dokters-afspraak by 'n kardiovaskulêre chirurg in Pretoria gehad. Ons is dankbaar saam met Gert en Marlise-hulle vir die gunstige terugvoer wat Gert ontvang het. Mag ons hemelse Vader u elke dag met nuwe krag versterk.

**Suzie Marais** het Maandag en Vrydag afsprake in Klerksdorp gehad met die oog op bestralingsterapie wat DV volgende week 'n aanvang sal neem. Ons verseker Suzie en Karel van ons volgehoue voorbidding vir hulle. Mag u deur hierdie behandeling ook die troue liefde van ons hemelse Vader ervaar.

Ons is dankbaar dat **Jaco Coetsee** se bloeddruk nou stabiliseer het en dat dit met hom geleidelik beter gaan. Ons bede is dat Jaco volkome herstel en lewenskwaliteit van ons Here sal ontvang.



Ons volhard in ons voorbidding vir **Dean du Plooy** wat nog las het van sy gesondheid, veral na die operasie wat hy 'n week of wat gelede ondergaan het. Intussen het Dean sy knie seergemaak in 'n fratsongeluk met die rolstoel. Ons gebed is dat Dean spoedig beterskap en lewenswaliteit mag ontvang.

Ons het verlede Sondag berig dat **Susan Nortjé** Dinsdag 'n flikkergram sou ondergaan. Dit is aangeskuif na Woensdag en die uitslae van die ondersoeke en konsultasie word nog afgewag. Ons verseker Susan en haar geliefdes van ons voorbidding vir hulle.

**André Joubert** is DInsdagoggend in die Zuid-Afrikaans Hospitaal opgeneem. Saam met ander onder-soeke en toetse het hy ook Donderdagoggend 'n diagnos-tiese prosedure ondergaan. Ons gebed is dat die spesialiste met wysheid en insig geseën sal word om die regte diagnose te maak en die regte behandeling voor te skryf.

**Malie Wyma** het Vrydag die laaste sessie bestraling ontvang. Dit was vir haar 'n moeisame ses weke, en ons dank ons hemelse Vader dat Hy haar die krag gegee het om dit deur te sien én dat sy tussen alles deur nog haar dienswerk as funksionaris van die kerkraad met blymoedigheid verrig het. Dit is ons bede dat u deur hierdie behandeling volkome genesing ontvang het.

'n Tyd gelede het ons meegeleef met **Nelis en DIna Coetsee** toe hulle kleindogter, Douline, met 'n groot gewas op die brein gediagnoseer is. Ons is dank-baar vir die goeie vordering wat Douline sedertdien getoon het. Sy ondergaan môre weer 'n skandering om die tempo waar-teen die gewas groei, te bepaal. Ons verseker Nelis en Dina van ons voorbidding saam met hulle.

**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van **Peet Buys** vir wie daar Vrydag 13 Februarie 'n dertigste agterklein-kind gebore is. Saam met u dank ons die Here vir sy getrouheid en ryke seën wat Hy u laat geniet!

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 22/02 | 09:30 | Erediens: Huis Eikelaan<br>Ds Fanie Coetzee | Kapel |
| Ma | 23/02 | 08:30 | Teologiese Studente | Bovertrek |
| Di | 24/02 | 09:15 | Opening: Teologiese Skool | TSP |
| | | 11:00 | Predikantebyeenkoms | GK Potch- Bult |
| | | 15:00 | Bybelstudie Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| Wo | 25/02 | 15:00 | Nagmaal Huis Eikelaan | **Rooi sitkamer** |
| | | 18:00 | Bybelstudie (2 Korintiërs, Studie 7b) | Konsistorie |
| Do | 26/02 | 10:30 | Bybelstudie 2 Korintiers | Kerksaal |
| | | 12:00 | Volwasse kategese | Bovertrek |
| | | 17:00 | Sustersbestuurvergadering | Volgens reëling |
| Sa | 28/02 | 15:30 | Sustersbyeenkoms | Volgens reëling |

| **KATKISASIE** | **Sondag 22 Februarie** | **Sondag 1 Maart** |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 4 | Les 5 |
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk** | Genesis 12 & 21<br>Psalms 62: 5<br>Sondag 32<br>Eksodus 20: 5 | Genesis<br>Psalms<br>Sondag 33<br>Eksodus 20: 6 |

**BYBELSTUDIE**

Bybelstudiebyeenkomste hervat die komende week:

- Bybelstudie by Huis Eikelaan vind Dinsdagmiddag om 15:00 in die Rooi Sitkamer plaas. Almal is welkom.
- Woensdagaand om 18:00 in die konsistorie word studie 7b van prof. Jorrie Jordaan se *Voëlvlug deur die boeke van die Nuwe Testament* behandel.
- Donderdagoggend 10:30 in die kerksaal word 2 Korintiërs 1 en verder bestudeer.

U is baie welkom om by enige van die Bybelstudiegeleenthede in te skakel.



**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG**
Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

**HUWELIKSHERDENKING**
Ons deel in die vreugde en dank-baarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe! Woensdag is **Willem en Lara Kroeze 10 jaar** getroud.

### DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** )
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom** Bank: Potchefstroom. .

**VAN DIE FINANSIËLE KOMMISSIE**
Aangesien ons gemeente se finansiële jaar op 28 Februarie 2026 sluit, word lidmate versoek om hulle kerklike bydraes op datum te bring.

**14.2 Wyksusters:** Malie Wyma (1); Wilmarie du Plessis (2); Dina Coetsee (3); Frieda van der Walt (4); Ineke Bakker (5); Leané Landman (6, 13); Anita Stavast (7)' Ina Roos (8); Marli Nortjé (9); Wymie du Plessis (10, 12).
**14.3 Opdrag:** Eie mandaat

# KOMMISSIES VAN DIE KERKRAAD 2026

**1. Beplanningkommissie** 17:30

**Ds Jannes van Dyk 072 224 7181 (S)**

Rudy van der Spoel

Klaas Wyma (Skriba)

Malie Wyma (Admin Beampte)

Alta Pretorius

**Opdrag:**

1. Beveel nuwe kommissies aan vir die volgende jaar
2. Stel kalender vir nuwe jaar op.
3. Reël preekbeurte; verlof predikante
4. Wyksindeling

**2. Christelike Onderwys** 17:30

Slegs vir ad hoc-doeleindes

**3. Uitdra van die Evangelie** 17:30

**Koos Nortjé 079 760 3602 (S)**

Harm Stavast

Ds Jannes van Dyk

Salomé Kruger

Anita Stavast

Geert Stoop

**Opdrag:**

1. Leiding aan kerkraad oor toerusting van lidmate om evangelie aan afgedwaaldes/ongelowiges te verkondig
2. Lewer bedieningshulp aan jong kerke

**4. Bedieningkommissie** 17:30

**Ds Jannes v Dyk 072 294 7181 (S)**

Skribas Breë Kerkraad (oudl'e en diak)

Voorsitter van diakonie

Alta Pretorius

Pieter Bouwsema

**Opdrag:**

1. Hanteer kerkraadsopdragte ivm bediening.
2. Ondersteun predikante in hul werk

**5. Finansies**

**Frikkie Venter 082 803 1570 (S)**

Klaas Wyma

Malie Wyma (Kassier)

Nico Spaumer

Flip Mostert

**Opdrag:**

1. Bestuur en beheer die finansies van die kerk.
2. Stel jaarliks 'n begroting op om in Maart met nuwe finansiële jaar te implementeer.
3. Dien geouditeerde state in.

**6. Ouers met voorskoolse en skoolgaande jeug**

**Banie en Marli Nortjé 066 288 9669(S)**

Pieter en Brechtje Jooste

Gideon en Catrien Wentink

Ruan en Anri van Heerden

**Opdrag:**

1 Bevorder gemeenskap van gelowiges onder dié ouers met een byeenkoms per maand gerig op dooplidmate

2. Bevorder meelewing met hamburgerbraai.

**7. Studente en werkende jeug**

**Coetzer Stoop 076 467 3426 (S)**

Geert Stoop

Shay Longden

Anja Bouwsema

**Opdrag:**

1 Bevorder gemeenskap van gelowiges onder dié lidmate met een byeenkoms pm aanvullende tot Wo Bybelstudie

2. Bevorder meelewing met hamburgerbraai.

**8. Eiendomskommissie** 18:00

**Danie Stoop 082 335 8161(S)**

Nelly van der Spoel

Jana van Ryssen

Pieter Bouwsema (Koster)

Banie Nortjé

Ruan van Heerden

Riaan Schutte

Coetzer Stoop

**Opdrag:**

1. Onderhouding en instandhouding van kerk-eiendomme.

**9. Gemeentelike byeenkomste**

**Loffie/Tillie Eloff (S) 082 798 5636**

Banie en Marli Nortjé

Ineke Bakker

Ds Jannes en Yolandé van Dyk

Pieter Bouwsema

Nicolene Coetsee

Alta Pretorius

Malie Wyma

**Opdrag:**

1. Reël byeenkomste.
2. Reël gemeentekamp

**10. Liturgiese kommissie**

**Klaas Wyma 084 802 3707 (S)**

Magda Pelser-van der Merwe (S)

Gideon Wentink

Pieter Jooste

Anita Stavast

**Opdrag:**

1. Voer opdragte van kerkraad uit en gee insette oor liturgiese verdieping
2. Beplan progamme en rapporteer betyds aan kerkraad:
   Paasfees – Februarie
   Kersfees - Augustus

# KOMMISSIES VAN

**11. Dagbestuur Diakonie**

**Zurich Terblanche (S)**

Gert Kruger (Skriba)

Rudy van der Spoel (kassier)

Pieter Bouwsema

**Opdrag:**

1. Gee leiding in diakonie vlg formulier
2. Hanteer noodgevalle wat mag voorkom.
3. Maak aanbevelings aan Diakonie.
4. Reël hamburgerbraai.

**12. Gemeentebladkommissie**

**Rudy van der Spoel 082 864 4422 (S)**

Ds Jannes van Dyk

Attie Viljoen

Nelly van der Spoel

Marli Norjté

**Opdrag:**

1. Stel *Op die Kerkwerf* saam.
2. Kommissielede gee inligting deur aan die Redakteur.

**13. Telkommissie**

**Flip Mostert 084 290 7007 (S)**

Pieter Bouwsema

Malie Wyma (Kassier)

Amanda du Plessis

Klaas Wyma

**Opdrag:**

Tel kerklike kontantbydraes elke maand en bank die geld so gou moontlik

**14. Susters 14.1 Bestuur**

**Alta Pretorius (voorsitster)**

Marli Nortjé (o/voorsitster)

Anita Stavast (sekr); Ina Roos (hulp/sekr)

Wymie du Plessis (Tesourier);

Ineke Bakker; Salomé Kruger;

Magda Pelser vd Merwe